KLEIN KAROO AGRI
(EDMS) BPK - (PTY) LTD

(Reg 2014/157677/07)

3 April 2020

Geagte Produsent en die Landbou Gemeenskap

SKRYWE NR 2. COVID-19: KORONAVIRUS 'LOCKDOWN' (27 MAART – 16 APRIL 2020)

Dit is vandag dag ag van die nasionale 'lockdown'. In hierdie ag dae het baie van ons se lewens dramaties verander. Ons dink verseker anders oor baie dinge. Ons weet ook nie hoe lank hierdie Koronavirus met ons gaan wees nie.

Klein Karoo Agri het alle nodige voorsorgmaatreëls getref om die impak van die COVID-19 virus tot die minimum te beperk. Alle personeel en kliënte sal moet voldoen aan die protokolle wat by elke tak ingestel is. Daarom het bestuur dit goed gedink om onderstaande aanpassings te maak aan die werkstye by die takke, sodat noodsaaklike aankope in die 'lockdown'-periode gedoen kan word:

Klein Karoo Engen – Oudtshoorn en Reinders Garage Total – Ladismith

Die twee 24-uur vulstasies gaan voort om 24-uur per dag oop te wees gedurende die hele 'lockdown'.

Handelstakke, meganisasie en vulstasies by die takke

Van 3 April tot 9 April 2020 gaan alle werkswyse voort soos dit tans is.

Paasnaweek

10 April, Vrydag - Alle takke en vulstasies sal gesluit wees.

11 April, Saterdag - Alle takke sal gesluit wees.
Oudtshoorn, De Rust en Beaufort-Wes se vulstasie sal oop wees van 08h00 tot 18h00.
Prins Albert, Ladismith en Calitzdorp se vulstasies sal gesluit wees.

12 April, Sondag - Alle takke en vulstasies sal gesluit wees.

13 April, Maandag - Alle takke sal gesluit wees
Oudtshoorn, De Rust en Beaufort-Wes se vulstasie sal oop wees van 08h00 tot 18h00
Prins Albert, Ladismith en Calitzdorp se vulstasies sal gesluit wees

Direkteure: JJ Klue (Voorsitter) JH Delport (Onder Voorsitter) SS Terblanche JJ Strasheim HR van der Merwe
Besturende Direkteur: JET du Plessis E-pos: tduplessis@kleinkaroo.com Openbare Beampte: J Oosthuizen E-pos: joosthuizen@kleinkaroo.com

KLEIN KAROO AGRI
(EDMS) BPK - (PTY) LTD

(Reg 2014/157677/07)

Van 14 April tot 16 April 2020 gaan alle werk voort soos dit tans is

Klein Karoo Agri se Bestuur vra dat al ons produsente hulle beplanning van noodsaaklike aankope so sal doen om in te pas by bogenoemde tye. Ons verwys net weer na die versoek dat alle personeel, produsente en die landbou-gemeenskap die volgende moet eerbiedig :

- Slegs een persoon per voertuig, wat noodsaaklike aankope van landbouprodukte kom doen
- Los u kinders by die huis asseblief
- Hou u afstand van 1,5 meter van ander kliënte en personeel
- Aflewerings van produkte kan beperk word
- Die spuit van u hande, elke keer as u die tak of stoor inkom
- Bly by die protokolle
- Plaas u bestellings telefonies, reël 'n tyd en kom haal dit dan af asseblief
- Veiligheid van ons personeel en kliënte kom eerste

Die rede hoekom Klein Karoo Agri nie ons tye inperk nie, is om te poog dat daar so min as moontlik produsente en kliënte op 'n spesifieke tyd in die takke of store is. Ons wil die konsentrasie risiko aanspreek.

Bestuur het dit ook goed gedink dat van ons personeel oor die tyd verlof moet neem en vra ons dat alle kliënte asseblief geduldig sal wees gedurende die tyd. Klein Karoo Agri het ook 'n verantwoordelikheid om die digtheid van personeel te beperk. Klein Karoo Agri sal alles in sy vermoë doen om aan al ons kliënte se behoeftes te voorsien.

Kontak asseblief u naaste tak betyds as u sekere noodsaaklike produkte benodig. Klein Karoo Agri sal ook gereeld op ons webbladsy onder inligting ons produsente en landbou-gemeenskap op hoogte probeer hou.

Groete

Terblanche du Plessis
Besturende Direkteur

Direkteure: JJ Klue (Voorsitter) JH Delport (Onder Voorsitter) SS Terblanche JJ Strasheim HR van der Merwe
Besturende Direkteur: JET du Plessis E-pos: tduplessis@kleinkaroo.com Openbare Beampte: J Oosthuizen E-pos: joosthuizen@kleinkaroo.com